

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

VISIE

2030

DENKLEIERS

van die

TOEKOMS




UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

inklusief



toekomsgerig



uitnemend

innoverend



toekomsgewig

witnemend

innoverend

INHOUD

Denkleiers van die 21ste eeu

2

Die Universiteit Stellenbosch op pad na 2030

Innovasie verseker uitnemendheid

4

Die US is aan die voerpunt van navorsing



Klassee met tegnologie

5

Ruimtes van die toekoms

Lesings in die kuberruimte

Inklusiwiteit verbreed toegang tot die US

6

Die Universiteit skep 'n tuiste vir al sy studente

'n Kampusbelewenis

7

Beurse bied toegang en keuse

Akademie se tolking

Gerig op die toekoms

8

Die US maak 'n blywende impak op ons samelewing



Studente se sukses gewaarborg

9

Groei met 'n plan vir die toekoms

Volhoubare werkwyse

10

Groen én slim geboue

Wiele rol vir volhoubaarheid

Voorwoord

Ons staan midde-in die tweede dekade van die 21ste eeu in 'n vinnig veranderende wêreld waarby ons gedurig moet aanpas. Die Universiteit Stellenbosch (US) gaan die toekoms binne met die visie om 'n innoverende, toekomsgerigte en inklusiewe instelling te wees deur voortdurend uitnemend te wees, 'n positiewe impak op ons samelewing en die omgewing te maak, en toegang te bied aan studente en personeel in 'n verwelkome omgewing.

Dit is alles vervat in die US se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018, wat in April 2013 deur die US Raad goedgekeur is. Hierdie strategie, wat die oogmerke en doelwitte van Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan in ag neem, sal die US op sy pad na 2030 rig. Dit lê die grondslag vir die Universiteit se posisionering as 'n instelling wat die eise van 21ste-eeuse hoër onderwys die hoof kan bied. As 't ware is dit 'n rigtingwyser vir hoe die US die 21ste eeu wil binnegaan en homself des te meer vestig as 'n uitnemende universiteit met internasionale aansien.

In die bladsye wat volg, vertel ons hoe die US die mikpunte van uitnemendheid en 'n wyer impak op die samelewing sal realiseer en 'n tuiste vir almal sal word. Ons spel uit waar ons ons reeds bevind en hoe ons hierdie ingeslane weg verder op innoverende wyse sal voer. Ons posisionering vir die toekoms verreken die realiteite dat hoër onderwys vandag voor belangrike uitdagings staan en dat universiteite tans wêreldwyd drastiese veranderinge moet maak om aan die eise van die tyd te voldoen. Dink maar aan die veranderende behoeftes van die gemeenskappe wat universiteite dien, die realiteite van stygende studentegedagtes teenoor beperkte bronne, die nuwe maniere van leer en studeer wat deur tegnologiese ontwikkelinge beslag gekry het, en die vervaging van die grense van die lesingsaal met die moontlikhede van leer "op enige tyd en vanaf enige plek". Dit is midde-in dié golf van veranderinge waarin universiteite in die tweede dekade van die 21ste eeu staan.

As gevestigde instansie van uitnemendheid moet die US met hierdie veranderinge en uitdagings rekening hou. In die wylpennende konsultasie met die universiteitsgemeenskap oor ons toekomstige posisionering het dit juis na vore gekom dat die US die vermoë het om saam met die eise van die tyd te beweeg en om sy akademiese voortreflikheid te handhaaf. Met hierdie doel voor oë, het ons 'n paar strategiese prioriteite geïdentifiseer om ons koersvas op hierdie pad van verandering te hou:

• **Die eerste strategiese prioriteit is om toegang tot die US te verbreed.** Dit behels die ontginning van nuwe kennismarkte, modusse van leer en onderrig en produkte en programme wat die US oor 'n veel wyer skaal toeganklik sal maak vir almal wat aan ons uitnemende universiteit wil studeer en aan ons toelatingsvereistes voldoen. Vir die afsienbare toekoms is ons strewende die verbetering van die diversiteitsprofiel van studente en personeel. Een van die maniere om dit reg te kry is 'n tweetalige aanbod (deur groter gebruik van parallelmedium-onderrig en opvoedkundige tolking) wat die posisie van Afrikaans as akademiese taal versterk en terselfdertyd die US volledig toeganklik maak vir Engelssprekende studente. Nog maniere is diploma- en sertifikaatkursusse om die "werk-en-leer"-mark verder te ontgin deur tegnologies-gemedieerde programme, asook beurse wat studente uit alle sferes van ons samelewing by die US kan laat studeer.

• **Tweedens, ons prioriteit om die US se momentum van uitnemendheid te versterk.** Dit berus op ons posisionering as die voorste navorsingsinstelling in Afrika en die behoud en uitbou van ons studentesukseskoers deur die verskaffing van uitstekende fasiliteite en ondersteuningsprogramme vir studente, innovasie in leer en onderrigmetodes, en uitnemende navorsing deur US-navorsers wat sal verseker dat die US se voortreflikheid hom na nuwe hoogtes in die 21ste eeu sal neem as globale speler en denkleier in die kennis-ekonomie van die toekoms.

• **'n Derde strategiese prioriteit is om ons impak op die samelewing verder te verhoog.** Met die HOOP Projek het die US reeds bewys sy akademiese voortreflikheid staan in diens van die gemeenskap. Deur ons hoop-skeppende werk en voerpunt-navorsing maak ons 'n beduidende en betekenisvolle impak in ons eie gemeenskappe in ons streek en in die toekoms wil ons toenemend deur ons denkleierskap onself laat geld in gemeenskappe regoor Afrika en die res van die wêreld. Hiermee het die HOOP Projek sy pedagogiese voetspoor in die 21ste eeu gevestig.

Die uitdagings is groot, maar die US is oortuig dat ons met denkleierskap al die brandnetels spreekwoordelik met die kaalhand kan pak. Op weg na ons eeufeesjaar in 2018 wil ons die grondslag lê vir die volgende 100 jaar van akademiese uitnemendheid by Maties.

Die strategie neem die oogmerke en doelwitte van SA se Nasionale Ontwikkelingsplan in ag.



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

REDAKSIE

Redakteur: Wayne Muller
Bladontwerp: SUN MeDIA
Voorbladontwerp: Jenny Frost
Voorbladfotografie: Anton Jordaan
Artikelskrywers: Ilse Arendse, Alec Basson,
Pia Nanny, Desmond Thompson

Denkleiers van die 21ste eeu

Dit verg visionêre leierskap om 'n hoëronderwys-instelling soos die Universiteit Stellenbosch in die 21ste eeu op koers te hou. Prof H RUSSEL BOTMAN, US Rektor en Visekanselier, vertel meer oor sy visie vir die US om die voorste denkleier in Afrika te word.



“**O**ns wil dié plek word waar studente én personeelle denkleiers van die toekoms word.”
Só som prof H Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), die hoofopmerking op van die nuwe koers wat Maties inslaan. Die US Raad het die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013 tot 2018 goedgekeur, asook die Universiteit se nuwe Visie 2030.

“Teen die teikendatum van 2030 wil ons meer inklusief, innoverend en toekomsgerig wees – dit is ons voorneme. Om daar uit te kom, volg ons 'n drieledige strategie – ons verbreed toegang tot die Universiteit, bou voort op ons uitnemendheid, en verhoog ons impak op die samelewing,” verduidelik prof Botman.

“As ons al dié goed doen, sal die US 'n plek van denkleierskap wees, waar sowel ons personeelle as ons studente kennis tot voordeel van al ons belanghebbers nastreef.

“Maties vaar tans in talle opsigte uitstekend, maar 'n mens kan nie op jou louere rus nie. In die snelveranderende omgewing van die 21ste eeu is dit noodsaaklik om buigzaam te wees en voortdurend by nuwe eise aan te pas,” sê prof Botman.

“Dit is raadsaam om weg te beweeg van 'n situasie waar beplanning en besluitneming uitsluitlik op bestuursvlak plaasvind. Almal wat by die US werk moet voel hulle is as mede-eienaars van die Universiteit medeverantwoordelik vir die instelling se sukses.”

Hy wys daarop dat die aanvoerwerk tot die nuwe strategie meer as 'n jaar geduur het. Die beginpunt was navorsing oor uitdagings en tendense in die hoër onderwys – plaaslik én internasionaal.

“Ons het bevind universiteite oral transformeer in reaksie op die uitdagings van die huidige tydperk. Daar is geweldige druk op die sektor om meer met minder te vermag. Staatsubsidies neem af, maar terselfdertyd neem die aanvraag na hoër onderwys toe. Voeg daarby die tegnologiese omwentelings van die inligtingsera, dan is jou keuse duidelik – bly by, of bly agter.”

Daar is ook na die Suid-Afrikaanse konteks gekyk. Een van die hoofuitdagings is om ongelykheid en diskriminasie in die hoër onderwys weg te werk. En in die Nasionale Ontwikkelingsplan word klem op dié sektor geplaas vir die land om vooruit te kan gaan.

Die navorsing oor internasionale tendense en plaaslike behoeftes is gebruik om die US se posisionering te ontleed. Dit is gevolg deur omvattende oorlegpleging regdeur die hele Universiteit.

Daar was ook taakgroepe wat aan spesifieke planne gewerk het – vir versnelde transformasie, 'n verwelkomende kultuur

aan die US, en die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie in leer en onderrig, asook die verfyning van die kampusmeesterplan vir fasiliteite en mobiliteit, en 'n groei-strategie vir die Universiteit. Die Visie-taakspan het gesorg dat alles in 'n plan saamgestel word.

'n Stel waardes is saamgestel: uitnemendheid (ons word deurentyd hierdeur gekenmerk), medeverantwoordbaarheid (ons is gesamentlik verantwoordelik vir die verwezenliking van die visie), empatie (ons bevorder menswaardigheid), innovasie (ons dink en doen nuut en anders), en diensbare leierskap (ons lei met nederigheid, verantwoordelikhed

en begrip te lei). Dit alles is in Maties se nuwe oorhoofse strategie saamgevat, soos goedgekeur deur die US Raad.

“Dit was 'n historiese besluit, wat 'n stewige fondament vir die US se ontwikkeling oor die volgende paar dekades lê,” sê prof Botman.

“Dit stel ons in staat om 'n meer verteenwoordigende Universiteit te word, met groter gelykberegtigheid en menswaardigheid vir almal.

“Terselfdertyd hou dit ons in pas met die kennisekonomie van die 21ste eeu. En ons navorsing word toegespits op die uitdagings en behoeftes van ons land en vasteland se mense.”

Eenvoudig gestel

Visie 2030 bevat 'n hele aantal abstrakte konsepte. Prof Botman beantwoord hier 'n paar vrae wat al die aspekte eenvoudig stel.

Wat behels “groter inklusiwiteit” en die “verbreding van toegang” tot die US?

Die US se strewing om meer inklusief te word verwys na groter diversiteit wat betref die samestelling van ons studenteligaam en personeelkorps, maar dit raak ook ander aspekte. Die US moet verteenwoordigend wees ten opsigte van geslag, godsdiens, seksuele oriëntasie, ensomeer.

Ons wil soveel moontlik perspektiewe en idees hier aanwesig hê.

As jy by ons klasgee, navorsing doen of studeer, moet jy 'n gevoel kry vir die hele land en veel wyer. Diversiteit is goed vir uitnemendheid. Dit sal van Maties ware denkleiers wêreldwyd maak.

Dit gaan ook daaroor om nuwe kennismarkte te ontgin. Tegnologie maak dit vir universiteite moontlik om na studente enige plek ter wêreld uit te reik. Ons moet ook verder as skoolverlaters kyk. Baie volwassenes wat reeds werk, wil verder studeer, en ons moet in hul behoeftes kan voorsien.

En om “meer innoverend” te wees en ons “momentum van uitnemendheid” vol te hou?

Ons is die afgelope paar jaar by 'n aantal ranglyste van die wêreld se top universiteite ingesluit, en daarop moet ons voortbou.

So ook op ons status as Afrika se mees navorsingsproduktiewe universiteit, en op ons hoë vlakke van studentesukses. Om 'n volhoubare toekoms vir die Universiteit te verseker vereis ook 'n kreatiewe benadering. Ons moet nuut dink en nuut doen. Ons moet ook entrepreneurskap bevorder – sowel in die sakesektor as maatskaplik.

“Toekomsgerig” en 'n “groter impak op die samelewing” – wat word daarmee bedoel?

Met die US se HOOP Projek het ons gewys hoe belangrik relevansie vir 'n universiteit is. Ons gebruik ons akademiese uitnemendheid en navorsingskundigheid om maatskaplike behoeftes aan te spreek en menslike ontwikkeling te bevorder. Hierdie benadering van wetenskapsbeoefening ten behoeve van die samelewing is as 'n nuwe deel van Maties se DNS. Dit is hoop aan die werk. Daarop bou ons voort, want dit is hoe ons 'n beter lewe vir toekomstige geslagte verseker.

Watter besluite is oor onderrigtaal geneem?

Ons brei ons voorgraadse lesingaanbod in sowel Afrikaans en in Engels uit. Ten einde die US meer toeganklik vir meer Suid-Afrikaners te maak wil ons studente in staat stel om sover moontlik te kies om in Afrikaans of Engels klas te loop.

Veral parallelmediumonderrig en opvoedkundige tolking sal hiervoor aangewend word. Die US se verbintenis tot meertaligheid is herbevestig. Benewens Afrikaans en Engels, skenk ons ook aandag aan isiXhosa.

Hoe word personeellede geraak?

Een van die uitdagings wat hoëronderwys-instellings wêreldwyd moet hanteer, het te make met hul institusionele kultuur. Die fokus

kan nie meer uitsluitlik op doeltreffendheid en winsgewendheid val nie; instellings moet ook meer leefbaar, menslik en eties word. Dit is raadsaam om weg te beweeg van 'n situasie waar beplanning en besluitneming uitsluitlik op bestuursvlak plaasvind, en die res van die personeelkorps beperkte geleentheid het om insette te lewer.

Almal wat by die US werk, moet voel hulle is as mede-eienaars van die Universiteit medeverantwoordelik vir die instelling se sukses. Beplanning en bestuur moet dus meer faciliterend wees. Geleenthede moet voortdurend geskep word vir insette deur almal op alle vlakke. Inligting moet vrylik deur die hele stelsel vloei.

In die 21ste eeu is 'n instelling net so sterk as wat daar ruimte vir kreatiewe denke is.

Waar pas studente in?

Die bevordering van studentesukses bly vir die US baie belangrik – en dit gaan oor meer as net akademiese prestasie.

Ons wil hê ons gegradeerdes moet nie net oor dinamiese professionele kundigheid beskik nie, maar ook oor 'n ondersoekende gees, betrokkenheid by die gemeenskap, en afgerondheid as individue.

Studentesukses word beïnvloed deur 'n beduidende verskuiwing wêreldwyd in hoe inligting gedeel en gebruik word. Nuwe tegnologie het 'n kennisomwenteling teweeggebring, en Maties moet dié golf ry.

Ons akademiese programme moet vernuwe word, beide wat inhoud en oordragmetodes betref. Die Universiteit as plek van kennis beslaan nie net meer fisiese ruimte nie, maar bestaan ook virtueel in die kuberruim.

Dit is die toekoms, en dit is die US se voorneme om met behulp van tegnologie ons plek vol te staan.

Die US
Institusionele
Voorneme en Strategie
2013-2018 is aanlyn
beskikbaar by
www.sun.ac.za/rektor

Nuwe Visie 2030 is 'n spanpoging

Die saamstel van die Universiteit Stellenbosch se nuwe Visie 2030 en die Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013 tot 2018 wat daarmee saamgaan, was 'n grootse spanpoging deur belanghebbers, sê prof Botman.

Die proses het 'n jaar lank geduur en hiertydens is met studente, veral die US se Studenteraad, geraadpleeg.

Personeellede van die US het ook tyd gekry om hul insae tot die Universiteit se nuwe pad vorentoe te lewer.

Dit was 'n proses waartydens almal aan die US saam kon dink en saam kon beplan aan die volgende dekade van uitnemendheid in die akademie en navorsing, gerugsteun deur denkleierskap vir die al groeiende wêreld-

kennisekonomie.

“Ek sê dankie aan almal wat so hard gewerk het om ons hier uit te kry. 'n Opwindende nuwe fase lê nou vir Maties voor, en ek nooi al ons belanghebbers uit om die pad saam met ons te loop – personeellede, studente, ouers, alumni, skenkers, vennote en vriende van die US,” sê prof Botman.

US aan die voorpunt



21 navorsings-leerstoel

As denkleiers verseker studente en personeel dat die US aan die voorpunt van innovasie bly deur volgehoue uitnemende navorsing.

Innovasie sal verseker dat die Universiteit Stellenbosch (US) sy momentum van uitnemendheid in die toekoms behou met navorsing van hoogstaande gehalte, die beste fasiliteite en programme om studente te ondersteun, asook vindingryke maniere van leer en onderrig.

As 'n navorsingsgedrewe instelling is die US een van die voorlopers in Afrika. 'n Rits prestasies die afgelope klompie jare wys waarom dié universiteit as 'n navorsingsleier op die vasteland gereken word – én boonop internasionaal hoog aangeslaan word.

Die US was reeds op drie gesaghebbende internasionale ranglyste: die Times Higher Education World University Rankings, QS World University Rankings en die CWTS Leiden-ranglys. In 2013 was die US ook derde in Suid-Afrika op die Webometrics-ranglys, wat universiteite volgens hul webteenwoordigheid evalueer.

Hierbenewens spog die US onder meer met die hoogste aantal geëwede navorsingsuitsette per akademiese personeel van alle Suid-Afrikaanse universiteite; 21 navorsingsleerstoel, waarvan 18 deel is van die Departement van Wetenskap en Tegnologie

“Die US sal dié instelling word waar veral top navorsers wil kom werk omdat hier geleenthede vir hulle geskep word om hul talente te gebruik.”

(DWT) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se leerstoel-inisiatief, SARChI; 347 NNS-geëvalueerde navorsers; ongeveer 50 navorsing- en diensentra; en drie Sentra van Uitnemendheid van die DWT en die NNS.

Die US is 'n navorsingsleier in biomediese tuberkulose, wynbiotegnologie, veekundige wetenskappe en wiskundige biowetenskappe. US-navorsers is betrokke by verskillende projekte met Suid-Afrikaanse wetenskapsrade sowel as internasionale vennootinstansies. Voeg hierby die nasionale en internasionale

toekennings wat US-navorsers jaarliks ontvang, en dit word gou duidelik waarom dié universiteit wêreldwye aansien geniet.

Maar hoe gaan die US op sy uitnemende prestasies voortbou en seker maak dit bly 'n instelling van ontdekking en innovasie in die 21ste eeu? Die antwoord lê in voorgesette hoëvlak-navorsing wat 'n verskil in die samelewing maak, sê prof Eugene Cloete, US Viserektor (Navorsing en Innovasie).

“Die US sal dié instelling word waar veral top navorsers wil kom werk omdat hier geleenthede vir hulle geskep word om hul talente te gebruik. Ons moet voortgaan met navorsing wat 'n impak maak en verseker dat ons die beste mense aanstel.

“Daar is verskillende maniere om navorsers te ondersteun, soos deur die nodige toerusting te verskaf, finansiële ondersteuning te bied, en om internasionale netwerke te bou,” sê hy.

Prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Onderrig en Leer), voeg by: “In die toekoms moet die klem aan die US in die eerste plek steeds op die verdere verhoging in die gehalte van ons leer-en-onderrig aanbod val en nie net op die verhoging van studentegetalle as sulks nie,” sê Schoonwinkel.

Met die Universiteit se fokus op voorpunt-navorsing in die 21ste eeu sal dié instelling verseker dat hy op innoverende wyse op sy uitnemendheid voortbou.

Lesings in die kuberruimte

Al kan net 'n beperkte getal studente in 'n lesingsaal gehuisves word, bied telematiese lesings die potensiaal om studente wêreldwyd te bereik.

Die US se Afdeling Telematiese Dienste het reeds groot sukses met die uitsending van addisionele klasse aan skoolleerders via satelliet-uitsendings vanaf 'n ateljee op die Stellenbosch-kampus.

Duisende leerders van die Wes- en Noord-Kaap kon die afgelope drie jaar baat by dié ekstra lesse in wiskunde, fisiese wetenskappe, rekeningkunde, tale en geografie. In Oktober 2012 is die uitsending uitgebrei na die Sekondêre Skool Dr Blok in Bloemfontein.

In die Wes-Kaap was die algemene verbetering in die matriekslagsyfer in 2011 van die deelnemende skole 10,9% – en by 20 van die 147 skole was die verbetering 50% of meer.

“Leerders word aangemoedig om vrae te vra tydens die uitsending via hul selfoon en webgebaseerde tegnologie. So neem hulle deel aan die klas. Die interaktiewe aard van die platform is 'n belangrike aspek sodat leerders aktief aan die lesse kan deelneem,” sê dr Antoinette van der Merwe, Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking.

Die platform bied ook meer geleenthede vir toegang tot ander kennismarkte, soos die werk-en-leer-mark – mense wat voltyds werk maar hul studies aan die US wil voortsit.

Deur voorpunt-tegnologie in te span sal die grens tussen wat op en weg van die kampus gebeur in die toekoms al hoe vaer word – iets waarvoor die US gerat is.



Dr Antoinette van der Merwe, Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking, in die tegnologie-gevoerde ateljee vanwaar telematiese lesings uitgesaai word. Foto: JUSTIN ALBERTS

Klassee met tegnologie

Innoverende leer- en onderrigmetodes word al meer belangrik vir universiteite wat in die 21ste eeu voorloper-instansies wil wees. Daarom het die US besluit om sy bestaande infrastruktuur vir inligting- en kommunikatietegnologie (IKT) verder uit te bou.

Dit sal onder meer die reikwydte en rykheid van die akademiese aanbod vir werk-en-leer-studente uitbrei, studente enige tyd en vanaf enige plek toegang gee tot formele en nie-formele US-programme, interaktiwiteit in die lesingsaal bevorder, en die leer- en onderrigervaring verryk.

Van die toekomstige planne sluit in meer effektiewe elektroniese assessering; die optimalisering van onder meer potgooie (podcasts) en fasiliteite vir datastroming (live streaming); die verdere ontwikkeling van spesiale toepassings (apps) vir tablette en selfone; die verskaffing van voldoende

“wi-fi”- en 3G-internettoegang; die ontwikkeling en uitbouing van beroeps-georiënteerde kortkursusse; en die gebruik van 'n verskeidenheid van e-leer-inhoud.

In 2014 is modules vanaf WebCT Vista en Blackboard na SUNLearn gemigreer, wat dan die US se standaard- oopbron e-leerstelsel sal wees. Dié stelsel verminder akademiese risiko's, en studente, veral dié wat nie voltyds op kampus is nie, kry beter toegang tot leer materiaal en ander inligting.

Heleen Mills, dosent in die Departement Ondernemingsbestuur, gebruik reeds geruime tyd elemente soos Twitter en selfoon-kliëkers in die klas.

“Die tipe student het verander. Hulle is die generasie van digitale en sosiale media.”

Dit is sulke innoverende tegnologie wat lesings vir 21ste-eeuse studente toeganklik maak.

Ruimtes van die toekoms



3 000 rekenaars op kampus

In die eksperimentele klaskamer Den Bosch word studies oor optimale leer gedoen. Foto: WERNER ROUX

'n Omgewing en ruimtes waar studente kan floreer, dra by tot hul sukses. Dit is juis waarom die US belê in voortrefflike fasiliteite, soos ultramoderne leersentrums en rekenaargebruikareas met die jongste tegnologie.

Die leer- en navorsingsentrums in die JS Gericke Biblioteek spog met talle rekenaarwerkstasies, “wi-fi”-internettoegang, skootrekenaaruimtes, en skandeer- en druktoerusting. Die navorsingsentrum beskik oor seminarkamers, videokonferensiefasiliteite en oopplan-rekenaaruimtes.

Den Bosch, by die Sentrum vir Studente-voorligting en -ontwikkeling (SSVO), is 'n hoë-tegnologie eksperimentele klaskamer. Dit beskik oor projeksiesieriewe, 'n TV-skerm, 'n stel tabletrekenaars, asook toerusting vir die opneem van aanbiedings wat sosiale leer – die proses waarby mense van en by mekaar leer – help bevorder.

“Dié klaskamer word gebruik vir navorsing oor hoe om studente en dosente se kreatiwiteit te stimuleer. Visuele en ouditiewe elemente word ingespan om optimale leer te bewerkstelling,” vertel prof Charl Cilliers,

Direkteur van die SSVO.

By die amaMaties Hub, 'n unieke leer-en-leefsentrum, word koshuis- en private studente se akademiese en sosiale lewe geïntegreer. “Studente ontvang mentorskap, doen groepswerk, drink koffie, studeer, en wag vir 'n aandklas, toetse, of sport- en kultuurgeleenthede. Boeke en rekenaars kan gestoor word, selfone kan herlaai word en daar is internettoegang,” sê Pieter Kloppers, Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe.

In die Lombardi-Braillesentrum in die Lettergebou het visueel-gestremde studente 24 uur-toegang tot leer materiaal wat in Braille vertaal en na elektroniese formaat omskakel is.

Die rekenaargebruikersareas op kampus het ongeveer 3000 rekenaars, netwerktoegang op kampus, en satelliet-uitsaafasiliteite vir nie-residensiële studente.

Die jongste ontwikkeling is die nuwe Leer-en-Onderrigsentrum wat langs die Neelsie-studentensentrum opgerig gaan word. Dié fasiliteit sal die maniere van kennisoordrag verander – dit is 'n hipermoderne ruimte met groepwerk kamers waarin dosente en studente hul eie leeromgewing sal kan skep.

'n Tuiste vir almal

Die snelveranderende 21ste eeu stel al hoe groter uitdagings aan hoëronderwys-instellings. Om in pas te bly hiermee sal die Universiteit Stellenbosch (US) sy inklusiwiteit moet uitbrei deur toegang te verbreed vir studente en personeel uit uiteenlopende agtergronde.

Deesdae is “transformasie” ’n gonswoord met ’n verskeidenheid van betekenisse, afhange van die omstandighede. Vir die US impliseer dit die strewing na en implementering van voortdurende, grondige verandering en aanpassings in pas met die tyd, sodat ons beter toegerus is vir die uitdagings en moontlikhede van die toekoms.

Dit is juis hoe die US sal verseker dat hy ’n uitnemende akademiese instelling bly waar diversiteit floreer.

“Transformasie begin nie op ’n spesifieke punt nie, en dit het nie noodwendig ’n bepaalde einde nie. Dis eerder ’n verbintenis tot verandering – ’n bewuste nastreef van die grondige veranderinge van sleuteldimensies soos institusionele kultuur, geslag of ras, wat help om die uitnemendheid van die Universiteit as akademiese instelling te bepaal,” sê prof Julian Smith, US Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel).

Hy voeg by: “Hierdie strewing om die US ’n inklusiewe instelling te maak omvat die hele kampus, en sluit in aspekte soos taal, kultuur, sport, omgewing, geboue se name

en institusionele gebruike. Die proses van vernuwing en verandering is wyd, diepgaande en moet versnel word.”

Ten einde die US meer inklusief te maak is ’n aantal inisiatiewe reeds begin. Via die US se telematiese platform word nuwe kennismarkte bereik, ’n nuwe koshuisplasingbeleid is ontwikkel en graadprogramme word in Afrikaans én Engels aangebied.

Maar waarna mik die US? “Ons wil ’n inklusiewe instelling wees, en op veel meer vlakke as slegs ras of geslag – eerder veral in terme van die akademiese toegang en sukses. Dit sluit in ’n vernuwing van die kurrikulum, moderne strategieë vir onderrig en leer en oordeelkundige samewerkende verhoudings. Ons moet gepaste strategiese vennote kry om ’n breër voetspoor in die gemeenskap te laat. Verhoudings met gemeenskappe moet wederkerig wees – hulle leer van ons, en ons leer van hulle,” sê prof Smith.

Prof Eugene Cloete, US Viserektor (Navorsing en Innovasie), wys daarop dat die Universiteit op nagraadse vlak reeds top bruin, swart en Indiër (BSI) studente trek.

“Ons wil ’n inklusiewe instelling wees, en op veel meer vlakke as slegs ras of geslag – eerder veral in terme van die akademiese toegang en sukses.”

“Wat baie mense nie weet nie, is dat daar nagraads reeds ’n een-tot-een verhouding is van BSI- en wit studente.”

Om ander kennismarkte te ontgin beplan die US ook om sy voorgraadse aanbod te herstruktureer en diplomakursusse in te stel. In hierdie konteks verskuif die klem dus van abstrakte leer na toegepaste leer.

Prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Onderrig en Leer), voeg by: “Ons moet ook uit morele oorwegings die diversiteitsprofiel van die studente en personeel ingrypend verander na ’n profiel wat meer verteenwoordigend is van die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika soos uitgespel in die US se Transformasie-plan.”



Die US skep op allerlei maniere ’n inklusiewe kampus met ’n verwelkomende kultuur, waarvan een geleentheid die Diversiteitsweek in Oktober 2013 was. Dié inisiatief van die Rektorskantoor is afgesluit met ’n fees van kleur waar personeellede en studente hulself in poeier in reënboogkleure getooi het om hul eendersheid te wys. Foto: ADRIAN BAILLIE-STEWART

Beurse bied toegang en keuse

Om ’n beduidende bydrae tot die US se diversiteitssteiken van 50% teen 2018 te maak, bied die Universiteit ’n aantal werwingsbeurse aan wat akademies sterk bruin, swart en Indiër studente (BSI) help om hul studies te finansier.

’n Beurs gelykstaande aan die gemiddelde programkoste (ongeveer R35 000) vir ’n maksimum tydperk van vier jaar word aan verdienstelike kandidate gebied. Aansoekers wat finansiële behoefte is, ontvang ’n aansoekvorm vir bykomende finansiële ondersteuning en word ook ondersteun om vir NSFAS-beurslenings aansoek te doen. Die werwingsbeurs-aanbod sluit ook die bespreking van ’n plek in ’n koshuis in.

Vir baie voornemende studente maak die werwingsbeurs deure oop en verseker dat die US hul eerste keuse word.

Lance van Rooy, die 2012 US-JIP Matrikulant van die Jaar-wenner wat tans regte aan die US studeer, het ’n werwingsbeurs as deel van sy prys ontvang. Van Rooy, een van vyf kinders wat onder moeilike geldelike omstandighede deur ’n enkel-ma grootgemaak is, sê hierdie beurse het ’n nuwe wêreld vir hom ontsluit.

“Ek is ’n trotse Matie en voel bevoorreg om die beurse te kon kry. As dit nie vir die beurse was nie, sou ek nie vandag hier wees nie. Ek sou ook nie in die beste koshuis – Dagbreek – kon woon nie. Die ondersteuning wat ek van die Universiteit kry is fantasties.”

’n Besoek aan die kampus en ’n werwingsbeurs het Farai Mubaiva, ’n eerstejaarstudent van Johannesburg, oortuig om die US te kies. Sy studeer BRek en woon in Sonop-koshuis.

“Ek was skepties oor Stellenbosch, maar nadat ek gesien het hoe mooi dit hier is en hoe geïntegreerd die kampus is, was ek opgewonde en vasberade om hierheen te kom,” sê sy.

Akademiese prestasie is nie net ’n kriterium vir die toekenning van werwingsbeurse nie, maar bepaal ook of die student in die daaropvolgende jaar weer die beurs sal ontvang.

Akademiese tolking bou taalbrûe

In sy strewing om ’n inklusiewe instelling met ’n verwelkomende kultuur te wees, het die US begin met die implementering van ’n tweetalige aanbod – deur groter gebruik van parallelmedium-onderrig en opvoedkundige tolking – om te voorsien in die veranderende onderrigvoorkeure van studente.

In die proses word die posisie van Afrikaans aan die US versterk, terwyl die universiteit ook volledig toeganklik word vir Engels-sprekende studente. Dit stel die US in staat om vinniger sy diversiteitsdoelwitte te bereik.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in 2014 begin om hul BRek-kursus tot en met die finale voorgraadse jaar, asook in die nagraadse honneursprogram, in Afrikaans én Engels aan te bied. Vanaf 2014 is Matie-ingenieurstudente se lesings ook in Afrikaans én Engels deur die gebruik van parallelle sessies of tolking.

Die US span reeds geruime tyd akademiese tolking in. Terwyl die dosent in Afrikaans klasgee, word die lesing na Engels getolk, of andersom. Tolke gebruik ’n kop- of

handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.

“Tolke word streng gekeur en kry intensiewe opleiding. Hulle moet ’n spesifieke persoonlikheidsprofiel wees: hulle moet kan fokus, uitstekend kommunikeer en onder druk op hul voete kan dink,” sê Juanli Theron, projekkoördineerder van tolkdienste by die US Taalsentrum. Sy meen tolking is die sleutel tot doeltreffende kommunikasie op kampus, en sê studente ervaar dit as positief om saam met medestudente van verskeie taalgroepe in een lesing te wees.

“Aangesien dosente in hul moedertaal kan doseer, vind hulle dit grotendeels makliker om te kommunikeer. Daar is ook meer tyd vir hersiening en verduidelikings,” sê Theron.

Hoewel die tolke nie noodwendig geskool is in die verskillende vakgebiede nie, stel hulle termlyste op uit die voorbereidingsmateriaal (handboeke, notas, ensomeer). “Ná ’n paar weke van tolking in ’n nuwe semester is ons goed vertrouwd met die vakke wat ons tolk, sowel as met die materiaal,” voeg Theron by.



’n Opvoedkundige tolk met die mikrofoon, terwyl studente deur oorfone na die getolkde lesing luister. Foto: JUSTIN ALBERTS

Meer eerstejaarstudente welkom by US

Daar is min dinge so lekker soos jou studentejare – en dit is sommer soveel beter omdat jy saam met jou vriende klasloop, hard studeer en studentwees geniet. Dit is presies wat die US aan al sy studente wil bied.

Met die nuwe klusters, nawe (“hubs”), Luister-Leef-en-Leer-huise (LLL) en ’n verbeterde koshuisplasingbeleid kan die US in die toekoms sorg dat sy studente ’n volledige kampuservaring hê wat hul sukses sal verseker.

Die klusters bestaan uit ’n groep koshuise wat in dieselfde omstreke is, maar sluit ook die PSO-wyke (studente wat privaat woon) in. In die LLL-huise woon klein groepe studente, terwyl private studente hulle kan tuismaak in “hubs”, soos die AmaMaties Hub (sien bladsy 5).


Dit alles verseker dat PSO-studente ’n nes op kampus het waar hulle tuis voel tussen medestudente – al woon hulle elders in die Kaapse Skiereiland. Met die nuwe koshuisplasingbeleid word ’n pyplyn van studenteverblyf geskep, sê prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor (Onderrig en Leer).

Voorgraadse studente woon in koshuise vir die normale duur van hul voorgraadse studie, waarna hulle oorbeweeg na LLL-huise of senior koshuise. Op dié manier skep die US plek vir ’n bykomende sowat 330 eerstejaarstudente per jaar. En in 2014 word 400 meer plekke vir senior studente ook aangebou.

“Studente wat in hul eerstejaar in koshuise

woon, presteer beter as dié wat nie. Ons kan dus die deurvloei koers verhoog deur ’n groter getal eerstejaars in die koshuise te hê en so groter studentesukses bewerkstellig. Ons wil ook ’n ‘naatlose ervaring’ tussen die binne- en buite-klas-ervaring bevorder, wat gedoen word deur beter integrasie van PSO-studente by die kampuskultuur,” sê prof Schoonwinkel.

% Generiese swart nuweling eerstejaarstudente



Blywende impak



Die iShack-inisiatief het as deel van die HOOP Projek 'n groot impak op mense in informele buurte se lewens gemaak deur koste-effektiewe en volhoubare aanpassings aan hul wonings te maak. Foto: ANNA LUSTY

Deur die HOOP Projek het die Universiteit Stellenbosch (US) reeds 'n beduidende impak op ons samelewing gemaak deur wetenskap en navorsing tot voordeel van ons gemeenskappe in te span. Soos wat die US in die toekoms groei, sal hierdie impak al wyer strek vanweë die hoopskeppende werk in ons dorp, streek en vasteland.

Die US se verbintenis tot diens aan die samelewing word sedert 2007 in sy HOOP Projek vergestalt, waardeur die instelling groot uitdagings in die samelewing aanpak in die stigting van die ontwikkeling van mense op die vasteland en verder.

"Ons sukses tot op hede beteken nie die veldtog het tot 'n einde gekom nie. Die HOOP Projek is gewortel in alles wat ons hier as Maties doen. Ons wil die impak wat ons reeds gemaak het, verdiep en wil dit doen deur verbeterde samewerking met vennote in Afrika en die buiteland," sê die US Rektor, prof H Russel Botman.

Die impak van die HOOP Projek is verreikend. Voorbeelde van sukses sluit onder meer in die stigting van die Ukwanda- Landelike Kliniese Skool, 'n inisiatief om dokters en ander gesondheidspraktisyns in landelike omgewings op te lei en meer studente uit landelike gebiede te werf. Nog 'n voorbeeld is die ontwikkeling

van die iShack-stelsel, 'n vindingryke benadering wat deur US-studente ontwikkel is om eenvoudige maar beduidende verbeteringe in die lewensomstandighede van inwoners van informele nedersettings teweeg te bring.

Maar die ideale van die HOOP Projek strek wyer. Die US en kollegas oor die vasteland heen staan saam teen die uitvloeï van kundigheid uit Afrika deur middel van 'n netwerk met toonaangewende Afrika-universiteite, genaamd die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (PANGeA), om die afhandeling van doktorsale studies te versnel.

PANGeA, die Afrika- Doktorsale Akademie (ADA) en die Nagraadse Skool is deel van 'n drieledige akademiese inisiatief in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wat fokus op die bevordering van die ontwikkeling van hoër onderwys in Afrika deur onder meer geleenthede vir samewerkende navorsing en

uitruiling onder eweknie-instellings te skep.

Die Universiteit is ook deel van die TRECCAfrica-konsortium (Transdisciplinary Training for Resource Efficiency and Climate Change Adaptation in Africa) vir aanpassing by klimaatsverandering saam met vyf ander Afrika-universiteite, wat deur die Europese Unie en die Open Society Foundation ondersteun word. In Maart 2014 is Hope@Africa en Hope International bekendgestel wat saam ontwikkeling sal bevorder en groot sosiale uitdagings in Afrika en die res van die wêreld sal aanpak. "Ons ondersoek raakvlakke om te sien hoe universiteite saam sin kan maak van die groot uitdagings wat ons deesdae die hoof moet bied. Ons is dit aan die volgende generasie verskuldig," sê prof Botman. Die US het tans ooreenkomste in plek met 137 universiteite in 35 lande. In Afrika het die US 126 projekte in 31 lande, waarby 478 medewerkers van regoor Afrika betrokke is.

137

universiteite met wie die US formele ooreenkomste het

Sukses gewaarborg

Met innoverende inisiatiewe en projekte maak die US 'n impak op studente se toekoms. Dié programme sorg dat die Universiteit 'n voorgraadse sukseskoers van 84% en 'n deurvloeiakoers van meer as 85% vir eerstejaars handhaaf – van die hoogste in Suid-Afrika.

Dit plaas studente op die pad na sukses selfs nog voordat hulle met hul studies begin.

Een so 'n program is SciMathUS (Science and Mathematics at the University of Stellenbosch), wat aan matrikulante uit opvoedkundig benadeelde omstandighede 'n kans bied om hul punte in veral wiskunde en fisiese wetenskappe te verbeter, om so toegang tot die graadprogram van hul keuse te verkry.

Danksy dié program kon meer as 750 leerders reeds hul matriekexamens met vrystelling slaag. Met 'n sukseskoers van 100% die afgelope vier jaar, het SciMathUS al verskeie ingenieurs, mediese dokters en rekenmeesters opgelewer. Onlangs is die program na die Worcester-kampus uitgebrei.

"SciMathUS verbeter nie net studente se akademiese kennis nie, maar rus hulle ook toe met die nodige vaardighede om in die akademie en in ander sfere van die lewe suksesvol te wees," sê Nokwanda Siyengo, Programbestuurder.

Belowende Graad 12-leerlinge pluk ook die vrugte van die Hope@Maties-program, 'n strategiese skolevennootskapprojek wat gratis onderrig aanbied op Saterdag in die



In 2012 het SciMathUS sy grootste groep leerders bygestaan om hul matriekuitslae te verbeter. Hier wys Sinazo Maxhakana, Sidney Abrahams, Zisanda Ncanywa, Unathi Msindeli en Andrea O'Connor dat dié program vrugte afwerp. Foto: HENNIE RUDMAN

84%
sukseskoers vir
US-eerstejaars

kernvakke wiskunde, wetenskap en tale, asook loopbaanvoortligting om leerlinge voor te berei op universiteitstudie. Die sowat 250 topmatrikulante van skole in tien geografiese klusters word deur hul skoolhoofde geïdentifiseer om die program te volg.

"Dit ontwikkel leerlinge se akademiese en sosiale vaardighede, wat noodsaaklik is vir sukses in hul studies," sê die Program-koördineerder, dr Trevor van Louw.

Tydens hul studies word studente deur

middel van verskeie tutor- en mentor-programme ondersteun om akademies sowel as sosiaal by die kampuslewe aan te pas.

Die US se unieke Res-Ed-program bely n ook studente se akademiese ervaring met die lewe buite die lesingsaal.

Studente wat weens bepaalde omstandighede nie aan alle fakulteitspesifieke vereistes vir 'n bepaalde graad voldoen nie, kan die Verlengde Graadprogram voltooi deur vir 'n addisionele jaar ekstra fondasie-modules te neem.

Groei steun diversiteitsprofiel van 50/50

Die US se Groeistrategie, wat deel uitmaak van Visie 2030, plaas die uitdaging van volhoubare groei oor die medium- en langtermyn onder die vergrootglas.

"Die US sal 'n realistiese groeistrategie volg wat rekening hou met die bevolkingsgetalle in die universiteitsgaande ouderdomsgroep, die verwagte aantal leerders uit die skoolstelsel wat toelating tot graadstudie aan universiteite kry, potensiële studente uit ander ouderdomsgroepe, asook met die investering in infrastruktuur en ander middelle wat nodig sal wees om groei op 'n volhoubare wyse te kan hanteer," sê prof Arnold Schoonwinkel, US Viserektor (Onderrig en Leer).

Ten 2020 word daar voorsien dat die US 'n twee-modus-instelling sal wees met programme beide op kampus en via tegnologie ook in ander sentra. Projekties toon dat teen 2019 sal die US 'n totaal van 31 929 studente hê, waarvan 45,2% bruin, swart en Indiër studente (BSI, of generies swart) sal wees.

Die US is reeds goed op dreef om 'n diversiteitsprofiel van 50% wit en 50% BSI-studente te realiseer. In 2014 het die US reeds sy diversiteitsteiken oortref (sien tabel).

Die US sal voortgaan om sterk daarop gerig te wees om die top-studente uit alle bevolkingsgroepe en alle sosio-ekonomiese groepe vanuit die hele land én Afrika te lok en optimaal te ondersteun.

Hoë-gehalte kortkursusse en somer-/winterskole in die nisiegebiede van die US se kundigheid en spesialisasie word in die vooruitsig gestel.

Magister-, honneursprogramme en veral nagraadse diplomaprogramme, asook enkele voorgraadse programme sal buigbaar

aangebied word sodat werkende mense verder kan studeer. Klem sal geplaas word op die optimalisering van die gebruik van die US se fasiliteite in resestye en deur meer tegnologie-gemedieerde onderrigmodusse en onderrigprogramme te ontwikkel om verdere groei te kan akkommodeer.

Só lyk die projekties vir die grootte van die US teen 2019:

- Nuwelinge eerstejaars: 'n jaarlikse (saamgestelde) groei van 3,5% vanaf 2013 tot 'n totaal van 5 680 in 2019, waarvan 50,2% bruin, swart en Indiër studente (BSI) is.
- Voorgraadse studente: 'n jaarlikse (saamgestelde) groei van 2,7% vanaf 2013 tot 'n totaal van 20 266 in 2019, waarvan 44,4% BSI-studente is.
- Nagraadse studente: 'n jaarlikse

(saamgestelde) groei van 1,2% vanaf 2013 tot 'n totaal van 10 500 in 2019, waarvan 48,2% BSI-studente is.

- Geleentheidsstudente: 'n jaarlikse (saamgestelde) groei van 0,8% vanaf 2013 tot 'n totaal van 1 163 in 2019, waarvan 33,4% BSI-studente is.
- Totale aantal US-studente: 'n jaarlikse (saamgestelde) groei van 2,1% vanaf 2013 tot 'n totaal van 31 929 in 2019, waarvan 45,2% BSI-studente is.

Generiese swart nuwe eerstejaarstudente

FAKULTEIT	TEIKEN VIR 2014	INSKRYWINGS VIR 2014
Lettere en Sosiale Wetenskappe	280	386
Natuurwetenskappe	179	243
Opvoedkunde	65	69
AgriWetenskappe	94	115
Regsgeleerdheid	42	61
Teologie	28	66
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	310	366
Ingenieurswese	183	209
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	241	260

Volhoubaar in ons wese

Volhoubaarheid is een van die Universiteit Stellenbosch (US) se fokusareas in sy nuwe Visie 2030. Met die Kampusmeesterplan en ander inisiatiewe verseker die US sy kampusse bly volhoubaar en omgewingsvriendelik.

Die US groei voortdurend, en daarmee saam kom 'n groter impak op ons omgewing. Deur onder meer geboue slim te ontwerp, 'n ekonomiese en omgewingsvriendelike vervoerstelsel te vestig en 'n Kampusmeesterplan op te stel kon die US reeds verseker dat hy sy impak op die natuurlike omgewing beheer.

“Ons leef in die era van volhoubaarheid. Die strategie vir volhoubaarheid komplementeer die Universiteit se visie vir die relevante posisionering daarvan vir die 21ste eeu. Dit is 'n veelfasettige konsep en 'n bykomende bestuursplig wat uitgevoer moet word deur die kritiese denkleiers van die toekoms op alle vlakke regdeur die Universiteit. Dit is nie meer 'n keuse nie, maar eerder 'n uitdaging van die wat en hoe,” sê prof Leopoldt van Huyssteen, Bedryfshoof van die US.

Die Kampusmeesterplan vir Ruimtelike Ontwikkeling wat in 2010 goedgekeur is, het aangedui dat slegs beperkte groeipotensiaal beskikbaar is op spesifiek die Stellenbosch-kampus en dat studentgetalle in die US se

“Volhoubaarheid in al sy fasette moet deel wees van die manier waarop personeel en studente dink, werk en ontspan.”

huidige vorm waarskynlik rondom 30 000 die versadigingspunt sal bereik.

Hieroor sê Schalk Opperman, Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling: “Enige verdere groei sal óf buite Stellenbosch óf deur middel van alternatiewe modusse moet plaasvind. Die klem val egter op volhoubare groei.”

Volgens Van Huyssteen moet volhoubaarheid in al sy dimensies sigbaar uitgeleef word. Betrokkenheid by volhoubare aksies wys 'n bepaalde waarde van 'n instansie en sy mense. “Volhoubaarheid in al sy fasette moet deel wees van die manier waarop personeel en studente dink, werk en ontspan – of dit nou is om twee keer te dink oor die aantal kere wat jy 'n vlug neem of die bestuur van finansies.”

Benewens die fisiese en omgewingsvolhoubaarheid – waarin almal 'n aandeel het – is die US se finansiële volhoubaarheid ewe belangrik. Deur ons benadering van strategiese gerigte en langtermyn finansiële beplanning en begroting, wat 'n integrale deel van die sakeprosesse is, verseker ons die volhoubaarheid van die US as 21ste eeu se wêreldklas-universiteit.



Die moderne en “groen” Fasiliteitsbestuursgebou is langs die Eersterivier op die Stellenbosch-kampus geleë. Foto: WERNER ROUX

Groen én slim geboue

Die US se kampusse en geboue is skilderagtig en bekend vir hul argitektoniese waarde. Baie van hierdie geboue voorsien egter nie genoegsaam in die unieke behoeftes van 'n 21ste-eeuse kennisbaanbreker nie.

Ten einde innoverend, toekomstgerig en inklusief te wees, soos wat die US se Visie 2030 dit stel, moet ons in die toekoms geboue skep wat voldoen aan die beginsels van volhoubaarheid.

Die US beskou daarom die uitdaging om volhoubare infrastruktuur te ontwikkel en die aanvoer van groen keuses as 'n prioriteit.

Die Kampusmeesterplan maak voorsiening vir die ontwikkeling van “groen” geboue wat 'n drastiese afname in die koolstofvoetspoor en energiebehoefte van die US bewerkstellig.

Die US se visie van 21ste-eeuse leef-, leer- en werkkruimtes het oor die afgelope paar jaar vorm aangeneem in die gestalte van verskeie nuwe fasiliteite.

Dit sluit in die Fasiliteitsbestuursgebou, die verbeterde Wilcocks-gebou, 'n nuwe tuiste vir die Afrika-sentrum vir MIV en Vigsbestuur, asook 'n ultramoderne gebou vir die Ukwanda-Landelike Kliniese Skool in Worcester.

Dié geboue is groen, slim en funksioneel. Die Fasiliteitsbestuursgebou is 'n goeie voorbeeld: 'n Deeglike skaduwee-ontleding is gedoen om die gebou te posisioneer om die hittelas tot die minimum te beperk, maar steeds genoeg lig in die gebou toe te laat.

Vir die lugversorging word koue water uit die Eersterivier gehaal, as koelmiddel in die lugversorgingstelsel gebruik, en dan as besproeiingswater teruggepomp na die aangrensende sportvelde.

Veranderinge word ook aangebring in ouer geboue, met die installering van energiemeters en draadlose modems om energieverbruik in die geboue te meet.

Wiele rol vir volhoubaarheid

Die US het 'n mobiliteitsplan ontwikkel wat die toekomstige volhoubare hantering van die toename in studentevervoer en parkeering moet rig. Die mikpunt is minder voertuie op die kampus en baie meer voetgangers, fietsryers en pendelbussies in 'n poging om die US se koolstofvoetspoor te verminder.

Alternatiewe vervoer sluit in die Matie-fiets wat studente en personeel kan huur; die webdiens Findalift by <http://maties.findalift.co.za> waar jy saamryklubs kan reël; 'n pendelbusdiens wat vervoer bied vanaf parkeerterreine aan die rand van die kampus. Die beskikbaarstelling van 'n openbarevervoer-diens toon ook goeie vordering. In 2012 het die US 16 elektriese motors gekoop wat herlaaibare batterye gebruik wat met 'n 220V-kragprop of met behulp van sonpanele op die motor se dak herlaai word.



Die US se Matie-fiets is uiters gewild onder studente en personeel as “groen” vervoer. Foto: JUSTIN ALBERTS